NATIONAL TREASURY

# Die publiek se gids...

# BEGROTING 2009

## Wat is die Nasionale Begroting?

**Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Dit dui aan hoe die regering geld gaan invorder en hoe dit spandeer gaan word. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.** **Hoogtepunte van die begroting op bladsy 3...**

# Moeilike tye lê voor



Die wêreldekonomie is in 'n meer ongunstige posisie as in vorige dekades. Volgens 'n verslag van die Internasionale Arbeidsorganisasie kan meer as 18 miljoen mense hierdie jaar hul werk verloor en die syfer kan selfs hoër wees as die situasie verder verswak. Wêreldwyd word lande deur die ekonomiese verlangsaming beïnvloed. Ekonomiese inligting van verskeie lande, insluitend ontwikkelde lande soos die Verenigde State, Brittanje en Frankryk, wek toenemend kommer. Suid Afrika word nie heeltemal so negatief beïnvloed nie, en ons wil dit graag so hou. Ons wil egter met hernieude pogings voortgaan om na die beste van ons vermoë in die behoeftes van ons mense te voorsien. Ons wil die tydperk wat voorlê maksimaal benut om die talle uitdagings wat ons in die gesig staar, te hanteer.

Soos die res van die wêreld is ons ekonomie besig om stadiger te groei. Ons ondervind ook werkverliese en baie mense gaan gebuk onder die las van hoë maandelikse huishoudelike uitgawes. Wanneer die ekonomie stadiger groei, vorder die regering minder belasting in. As gevolg van verlaagde inkomste uit belasting, sal die regering geld moet leen om verskeie uitgawes waartoe ons verbind is na te kom.

Regeringsbesteding aan dienste wat behoeftige gemeenskappe bedien, asook openbare werke programme gemik op werkskepping, sal toenemend groei. Meer as R780 miljard sal oor die volgende vyf jaar spandeer word aan infrastruktuur, insluitende die bou van meer kragstasies, paaie en spoorlyne, opgradering van water en sanitasienetwerke en die voorsiening van meer huise. Noue samewerking tussen die regering, besighede en vakbonde sal verseker dat werksverliese tot die minimum beperk word.

Baie lande kan nie in hierdie situasie reageer soos ons nie. Suid-Afrika kan hierdie voorsorgmaatreëls neem om ons ekonomie en armes te beskerm omdat ons in vorige jare ons finansies met dissipline hanteer het. Ons het geld gespaar toe ons ekonomie goed gedoen het. In ruil daarvoor kan ons besteding op openbare dienste vermeerder sonder om die ekonomie te benadeel.

**Die vernaamste areas in die begroting waar meer fondse bewillig is:**

- R12 miljard meer vir maatskaplike toelaes
- R45 miljard meer vir provinsies om onderwys, gesondheid en paaie te verbeter en om meer op landelike ontwikkeling te bestee
- R10.9 miljard meer vir behuising, water, sanitasie en munisipale dienste
- R5.4 miljard meer vir die verbetering van die strafregsektor
- R6.4 miljard meer vir openbare vervoer, nasionale paaie en spoor infrastruktuur

Ten spyte van die regering se beste pogings, gaan dit in die tydperk wat voorlê toenemend moeiliker word om in die behoeftes van alle Suid-Afrikaners te voorsien. Regeringsbeamptes moet ingedagte hou dat die hulpbronne tot ons beskikking aan alle Suid-Afrikaners behoort. Ons is almal toevertrou met die verantwoordelikheid om te verseker dat die beskikbare fondse nie deur ons amptenare vermors word nie.



## Openbare werke verskaf meer werk aan mense



Die regering is verbind tot die skep van werksgeleenthede vir werklose Suid-Afrikaners. Die uitgebreide openbare werke program het in die eerste vyf jaar meer as 70 000 voltyds gelykwaardige werksgeleenthede per jaar geskep vir onopgeleide en werklose mense.

Werksgeleenthede is geskep deurdat die getal werkers wat in regeringsinfrastruktuur projekte en in die lewering van openbare dienste gebruik word, vermeerder is. Baie van hierdie werksgeleenthede was korttermyn of deeltyds van aard, maar het gelei tot werkskepping en die oordra van vaardighede. 2009 lei 'n nuwe fase van die regering se uitgebreide openbare werke program in. Meer as R4.1 miljard is bewillig oor die volgende vyf jaar met die doel om werkskepping te versnel. Werksgeleenthede sal geskep word in:

- Tuisversorging en gemeenskapsgesondheidsdienste
- Konstruksie, onderhoud en omgewingsbeskermingsprojekte
- Nuwe programme wat deur nie-winsgewende, godsdienstige en gemeenskapsgebaseerde organisasies onderneem word

Die regering beoog om die getal voltydse gelykwaardige werksgeleenthede na 400 000 in 'n jaar te vermeerder teen 2014, wat sal help om armoede en werkloosheid te veminder.

## Regering brei maatskaplike toelaes uit om armes te help

Die regering voorsien maatskaplike toelaes aan meer as 13 miljoen Suid-Afrikaners. Hierdie program skep 'n veiligheidsnet wat armoede onder jong kinders, mense met gestremdhede en bejaardes help verminder. Die staat voorsien ook voordele aan diegene wat onlangs hul werk verloor het, gratis skoolonderrig aan armes, gratis primêre gesondheidsorg, en gratis water en elektrisiteit aan behoeftige huishoudings. Verder kan mense wat uitermatige ontbering in die gesig staar, korttermynverligting vir tot ses maande ontvang. Kinders tot op die ouderdom van 15 jaar wie se ouers minder as R2 300 per maand verdien, kom in aanmerking vir die kinderondersteuningstoelaag. Mans bo die ouderdom van 63 jaar en vroue ouer as 60 jaar kan toegang kry tot ouderdomspensioen sou hulle minder as 'n sekere inkomste verdien. Die ouderdomsperk vir mans om hierdie toelaag te ontvang, word in April 2009 en April 2010 na onderskeidelik 61 en 60 jaar verlaag.



Maatskaplike toelaes word met ingang van 1 April 2009 soos volg aangepas:

- Die ouderdomspensioen, ongeskiktheids- en sorgafhanklikheidstoelaag verhoog met R50 tot R1 010 per maand
- Kinderondersteuningstoelaag verhoog met R10 tot R240 per maand
- Pleegkindtoelaag verhoog met R30 tot R680 per maand

Besteding aan toelaes sal gedurende 2009/10 tot R80 miljard verhoog, wat 12% van die totale staatsuitgawes uitmaak. Dit maak Suid-Afrika een van die wêreld se grootste betalers van maatskaplike toelaes.

## Investering in a groter, veiliger publieke vervoerstelsel

Een van die nalatenskappe van apartheid is die swak ontwerp van ons stede wat werkers forseer om vêr van hul werksplekke te woon. Om dit te herstel, belê die regering miljarde rande in openbare vervoer.

Hierdie beleggings gaan nuwe spoorlyne bou, nuwe treine koop, meer busse op die paaie besorg, bus en spoorvervoer subsidieer, en onpadwaardige taxis van die paaie verwyder.

Binne die volgende drie jaar, sal die regering R25 miljard and die Spoor Pendel Korporasie voorsien om te belê in nuwe treine en nuwe roetes bekend te stel. Die regering verhoog ook die begroting vir meer spoor veiligheidsinspekteurs om ongelukke en oponthoude te verminder. Die R25 miljard Gautrein projek nader voltooiing, en die spoorlyn tussen OR Tambo Internasionale Lughawe en Sandton behoort in werking te tree teen vroeg 2010.

Die regering voorsien groot stede met R12 miljard oor die volgende drie jaar vir die konstruksie van hoë-spoed busvervoerstelsels. Vooruitgang is die verste gevorder in Johannesburg, wat beplan om R1.2 miljard te spandeer op hul *Rea Vaya* hoë-spoed bus-vervoerstelsel teen Junie 2009. Kaapstad het onlangs 'n tender van R600 miljoen uitgereik vir hul infrastruktuur verwante beplande stelsel.

Bestaande gesubsidieërde busdienste het ook geld ontvang om in verhoogde kostes en passasiersgetalle te voorsien.

Om openbare vervoer veiliger te maak is 'n addisionele R350 miljoen voorsien om taxi eienaars te betaal om onveilige voertuie te skrap. Oor die volgende drie jaar word dit verwag dat ongeveer 17 000 taxis van paaie af verwyder sal word.

Die begroting voorsien ook in befondsing vir 'n landelike vervoer strategie.

## Hoogtepunte van die 2009 Begroting

**Rakende die ekonomie**

- BBP groei word beraam op 1.2 persent in 2009 voor dit herstel na 4 persent in 2011
- Verbruikersprys inflasie val na 5.8 persent in 2009
- Meer as R780 miljard van openbare infrastruktuur spandering word beplan vir die volgende vyf jaar
- Gekonsolideerde algemene owerheids begrotingstekort van 3.8 persent in 2009/10 voor dit herstel na 1.9 persent teen 2011/12
- Reële groei in gekonsolideerde regeringsspandering (uitgesluit rente tekorte) van 5.1 persent

**Uitgawes op openbare dienste oor die volgende drie jaar. Bykomende toekennings:**

- R24.8 miljard aan provinsies om gesondheids- en onderwysdienste uit te brei
- R4.1 miljard vir die tweede fase van die uitgebreide openbare werke program
- R4 miljard meer vir die skoolvoedingsprogram om meer kinders meer gereeld kos te gee
- R2.1 miljard meer vir provinsiale infrastruktuur
- R1.9 miljard vir munisipale infrastruktuur en R1 miljard vir streeks massa waterinfrastruktuur
- R600 miljoen vir munisipaliteite om gratis basiese dienste uit te brei
- R3.7 miljard meer vir 'n toename in die voorsiening van behuising
- R932 miljard vir die behandeling en voorkoming van HIV en Vigs
- R5.4 miljard vir die opknapping van die strafregsektor insluitende vingerafdruk en DNA databassise
- R12 miljard meer vir maatskaplike toelaes en R1.2 miljard vir toelae administrasie fooie
- R6.4 miljard vir openbare vervoer, paaie en spoorinfrastruktuur
- R700 miljard vir die belegging in landelike ontwikkeling

**Belastingsvoorstelle**

- Persoonlike inkomstebelasting verligting vir individue wat R13.6 miljard beloop, insluitende hersienings aan die hantering van belasting bydraes aan mediese fondse
- Belasting op petrol en diesel vermeerder met 40.5 en 41.5 sent per liter onderskeidelik
- 'n Pakkie van 20 sigarette sal 88 sent meer kos.
- 'n 750 ml bottel wyn sal 10.5 sent meer kos
- 'n 340 ml blikkie bier sal 7 sent meer kos terwyl 'n bottel drank R3.21 meer sal kos
- Nuwe motorvoertuig aksynsbelasting na belasting op koolstof uitstraling en 'n nuwe belasting op energie intensiewe gloeilampe
- 'n Vermeerdering in die heffing op plastiese sakke met 1 sent per sak